

Die totale opbergingskapasiteit vir grane en oliesade in Europa beloop 359 miljoen ton, is in 2017 in 'n studie in opdrag van die Europese Kommissie bevind. Die opbergingskapasiteit het van 2005 tot 2015 met 20% toegeneem. In dieselfde tydperk het die produksie van gewasse met 11% vanaf 312 miljoen ton tot 346 miljoen ton toegeneem. Die toename in opbergingskapasiteit was dus meer as die toename in produksie.

Die kommissie het bevind dat as die behoefte aan opbergingskapasiteit gegrond sou word op die maksimum opbergingskapasiteit wat nodig sou wees om spitsproduksie en -uitvoer te hanteer, sou 22 lidlande 'n tekort aan opbergingskapasiteit hê. Opbergers waak daarteen om onnodige opbergingskapasiteit te vestig wat die meeste van die tyd nie benut sou word nie.

In die Europese Unie (EU) word bykomende belegging in opbergingskapasiteit dus beperk tot die gemiddelde produksievlek (plus 'n buffer).

Uitvoer speel 'n groot rol in die EU om tydens seisoenale spitsbehoeftes soveel moontlike graan uit te voer om sodoende opbergingskapasiteit beskikbaar te stel. Die beskikbaarheid van tydelike opbergingskapasiteit, soos silosakke en bunkers, help om in die behoefte aan opbergung in spitsye te voorsien.

TECHNOLOGIE

Beleggings in Wes-Europa kon sentreer op die uitbreiding van plaasopbergung en die upgrading van die tegnologie in die bestaande silo-infrastruktur. Die tegnologiese upgraderings sluit in hanteringstoerusting



Opbergung belangrik vir ekonomiese groei

Die groei in die Suid-Afrikaanse produksie en uitvoer van graangewasse vereis voldoende opbergingskapasiteit. Nuwe kapasiteit moet sonder staatsteun opgerig word.

met groter in- en uitlaaikapasiteit, 'n toename in die aantal buise of grootte van buise wat graan ontvang, en belegging in deurlugting by aanlegte wat nie daaroor beskik het nie.

Die toename in opbrengste en gepaardgaande uitvoer in die EU het die behoefte na opbergung laat toeneem. Die toename in pryswisselvalligheid het klem op strategiese graanbestuur geplaas, wat die beskikbaarheid van surplus opbergingskapasiteit genoodsaak het.

Verskeie verwerkers, soos meulens, olieperse en vervoer-vervaardigers, het oorgeskakel na netbetyds-voorraadbestuursmodelle wat tot 'n toename in die konsentrasie van opbergingskapasiteit vroeër in die voorsieningsketting gelei het. Gevolglik het die aandeel van plaasopbergung en landboumaatskappye in die opbergingskapasiteit toegeneem, terwyl die aandeel van verwerkers op 9% konstant gebly het.

Die behoefte na gedifferencierde produkte gegrond op spesifieke gehaltevereistes het die belegging in opbergingskapasiteit laat toeneem. Sekere regerings se beleidsoorwegings het

meegewerk tot die uitbreiding in opbergingskapasiteit.

Die opbergingskapasiteit in die EU word verhoog deur landboubesighede en koöperasies wat hul bestaande infrastruktur met nuwe tegnologie upgradeer. Hulle rasionaliseer hul besighede om hul bedryfsdoeltreffendheid te verhoog. Dit kan lei tot oornames van ander besighede of afskaling in bestaande besighede, en verandering in strategie om inkomste te verhoog of koste te bespaar. Tweedens belê uitvoergeoriënteerde handelaars in opbergingsinfrastruktur in vervoerknooppunte soos hawens.

In Frankryk presteer uitvoer goed omdat bottelnekke beperk word deur surplus opbergingskapasiteit en 'n hoogs doeltreffende logistieke infrastruktur. Hongarye, Roemenië en Bulgaria se uitvoer het ook skerp toegeneem danksy voldoende surplus opbergingskapasiteit.

Uitvoergerigte handelaars in die EU het geleer dat belegging in bykomende opbergingsinfrastruktur veral in uitvoerhawens noodsaaklik is om die plaaslike produksie en uitvoer van graan en oliesade te on-

dersteun. 'n Geïntegreerde benadering is ook nodig om die logistieke vervoerinfrastruktuur saam met die nodige opbergingsinfrastruktuur vir die toekoms te beplan. Die EU gee ook aandag daaraan om personeel se kundigheid by grensposte te verbeter om wagtye en doeltreffendheid te verhoog.

STAATSTEUN

Van die voormalige koöperasies wat tydens die eenkanaalbemarkingstelsel net in opbergung betrokke was, is nou groot maatskappye wat, soos in die EU, vertikaal in die waardeketting geïntegreer is. Hulle is lid van Agbiz, Agbiz Grain, Sacota, Afma en selfs die SACOB. In die EU geniet die opbergingssektor staatsteun met die oprigting van nuwe opbergingskapasiteit, wat nie die geval in Suid-Afrika is nie.

Suid-Afrikaanse produksie en uitvoer van graangewasse het, soos in die EU, met verloop van tyd toegeneem. Die opbergingskapasiteit wat nodig is om in die nuwe opbergingsbehoeftes te voorsien, moet sonder staatsondersteuning opgerig word.

Dit sou net billik wees om die behoefte na en oplossings vir voldoende opbergingsinfrastruktur vir Suid-Afrika se toekomstige behoeftes voldoende in die regering se meesterplan vir die landbou en landbouverwerking te takel. **LBW**

Mnr. Wessel Lemmer is die hoofbestuurder van Agbiz Grain.

BRON: Study on storage capacities and logistical infrastructure for EU agricultural commodities trade (with special focus on Cereals, the Oilseed Complex and Protein Crops (COP), Europese Kommissie, Brussel, November 2017.